Gesinne wat leer

Gesyferdheid

Wenke vir ouers – Hoe om jou kind se wiskunde-vaardighede tuis te verbeter

Ouers kan baie doen om hulle kinders se wiskundevaardighede tuis te verbeter. Die volgende is voorbeelde:

- Leer jou kind van vorms deur toebroodjies te maak en hulle in vorms te sny, bv. vierkant en driehoeke.
- Meet springmielies/mieliemeel in 'n koppie: ¼, ½, ¾ koppies.
- Speel syferspeletjies, bv optel of aftrek van 2-3 syfers in nommerplate terwyl julle ry.
- Speel speletjies met geld, bv. Ek het 3 munte in my hand wat 50c werd is. Watse munte het ek?
- Gebruik 'n pak speelkaarte, vra vrae oor die kleur en vorm van die kaarte, tel kaarte bymekaar, trek kaarte af of sorteer kaarte, bv. van die aas tot die koning en van die koning tot die aas.
- Sê hoe laat dit is.
- Gebruik wiskunde om op te tel, af te trek en vorms te maak.
- Laat jou kind jou help om die wasgoed te sorteer wat gewas moet word, bv. sorteer kleure, tel terwyl julle sorteer of sit soorte wasgoed (bv. handdoeke) saam.

Wat jou kind in graad 3 behoort te weet:

Die nasionale kurrikulum beskryf wat jou kind in elke graad en vir elke vak, bv. Wiskunde, moet weet en moet kan doen. Kinders in graad w3 moet byvoorbeeld die volgende kan doen:

❶ Werk met syfers

- Tel vorentoe en terug van 0 tot 1000
- Verstaan breuke (kwart, half, driekwart)
- Werk in 100de, 10e en 1e
- Verstaan hoe geld werk (bv. 150c = R1.50)
- Tel driegetalsyfers op en trek hulle af (bv. 342 + 241 en 492 – 231)
- Vermenigvuldig en deel dubbelgetalsyfers deur enkelgetalsyfers (bv. 24 x 3 en 32 ÷ 4)
- Gebruik die syfers om op te tel, af te trek, te vermenigvuldig en te deel tot by 50

❷ Werk met syferpatrone

- Identifiseer byvoorbeeld die ontbrekende syfer: 2; __; 6; 8

❸ Werk met ruimte en vorm

- Herken bokse, balle, silinders, driehoeke, vierkante, reghoeke, sirkels, keëls en piramiedes.

❹ Meet goed

- Begryp hoe goed gemeet word, byvoorbeeld: Tyd; Gewig; Volume; Afstand.

❺ Sorteer en orden goed

- Leerders moet leer hoe om goed te sorteer en te orden. Die kurrikulum verwys hierna as "datahanteringsvaardighede" of organiseringsvaardighede.

WES-KAAP
Onderwysdepartement
Wes-Kaapse Provinsiale Regering

Elkeen Leer Iemand
Saam bou ons 'n Leertuiste vir Almal